NUUSBRIEF

FEBRUARIE 2009

Inhoud van Februarie-nuusbrief

- Voorwoord van die projekleier
- Belangrike datums
- Poort en GHA
- Skooldeelname tot op hede
- Nuwe kategorieë
- Handleidings
- Webwerf
- Nuusbriewe
- Provinsiale koördineerders

Voorwoord van die projekleier

Vader tyd is reeds besig om teen ’n blitssnelle spoed 2009 te laat verby tik en, soos die meeste van die Afrikaans-Ekspo deelnemers, beoordeelaars en betrokkenes reeds deeglik van bewus is, beslis nie altyd in ons guns nie.

Soos elke jaar die afgelope 12 jaar van die Afrikaans-Ekspo se bestaan, waarvan ek hierdie jaar my tienjarige betrokkenheid vier, wens die Afrikaans-Ekspo vir almal Vrede, Voorspoed en Vrolikheid toe. Die klem is veral op laasge-noemde. Ons word daagliks gebombardeer van oral af met minder goeie (of slegte) nuus en kan dikwels nouliks die positiewe raaksien. Daarom ook dat die AE in die kategorie Koerantplakboeke vanjaar fokus op goeie nuus en dit is ongelooflik hoeveel goeie nuus om ons daar wel is.

Vanjaar is ook die vyftigjarige herdenking van “Die wonder van Afrikaans”, wat by uitstek ’n mylpaal in die geskiedenis van die jongste van 2700 tale in die wêreld is. Dit is ook daarom dat dit een van die tema’s vanjaar is wat ons wil aanspreek. Omdat Afrikaans jonk en dinamies is, het ons ook twee opwindende nuwe kategorie by name, Animasiefilm en media@afrikaans.com wat beslis ’n opwindende uitdaging aan leerders gaan bied om meer kreatief met taal om te gaan.

Deelnemers en betrokkenes kan ook hulle tande begin slyp vir werkswinkels tydens die eerste Woordpoort (US Woordfees se susterfees wat deur die FAK en UP aangebied gaan word) 24-27 September 2009. Hou asb. die webblad en nuusbriewe dop vir meer inligting in dié verband.

Op daardie hoë en opwindende noot wens die Afrikaans-Ekspo bestuur almal ’n suksesvolle Afrikaans-Ekspo-jaar!

Linette van der Merwe
Projekleier

Belangrike datums: Januarie-April 2009

- Finale sluitingsdatum vir skoolinskrywing: **15 Maart 2009**
- Sluitingsdatum en inhandiging van leerderinskrywings: **15 April 2009**
- Skole faks D3-vorm (plaaslike katego-rieopsommingsvorm): **15-17 April 2009**
- Plaaslike skoolevaluering: **15 April – 5 Mei 2009**

Poort en GHA

Die Poort-kompetisie is ’n projek van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en het ten doel om skeppende taaltalent in Afrikaans by hoërskoolleerders aan te moedig. Graad 10-, 11- en 12-leerders mag hul skeppende werk vir Poort instuur. Poësie, prosa, drama of ’n essay kan vir beoordeling ingestuur word. Die leerders wat toppresteerders was in die Nasionale rondte van die AE in 2008, word genooi om julle werk in te skryf vir die Poort-kompetisie. Dié van julle wat reeds bewus is van dié kompetisie, sal weet dat daar ’n beperking is op die aantal inskrywings vir Poort (maksimum 10 per skool).

Alle bydraes sal deur ’n keurkomitee gelees word en ’n keuse van die heel beste bydraes sal in ’n bundel, getiteld Poort gepubliseer word. Die twee beste bydraers ontvang elk ’n kontantprys van R1500,00.

Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 1 April 2009. Inskrywingsvorms kan op die tuisblad van die Akademie gekry word: www.akademie.co.za of vir verdere inligting of julle kan navrae rig aan akademie@akademie.co.za

Die Genootskap vir die Handhawing van Afrikaans (GHA) bied vanjaar ’n gedigte-kompetisie vir skoliere aan met die tema *Die*

Wonder van Afrikaans om dié hoogtepunt in ons geskiedenis te vier.

Daar is ’n kompetisie vir Hoër- en Laerskool-leerders. Kontantpryse word aangebied. Die skool met die meeste en beste inskrywings sal 20 digbundels wen. Ouers mag leerders bystaan, ten opsigte van spelling en sinsbou.

Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 9 Mei 2009 en die prysuitdeling vind op 24 September 2009 in Pretoria plaas.

Vir verdere inligting kontak André Alkema by ajalkema@lantic.net

Skooldeelname tot op hede
Tot op hede het 86 skole geregisteer, waarvan ’n klompie nuut is en ’n klompie oud is maar nou weer besluit het om deel te neem. Ons wil graag hierdie skole welkom heet tot die AE. Die AE spreek die hoop uit dat ons saam met julle ook ’n lang pad kan stap:

Gauteng
CVO Brakpan; Hoërskool President

KwaZulu-Natal
Hoërskool Ferrum; St Anne’s Diocesan College

Limpopo
Hoërskool Merensky; Hoërskool Hans Strijdom

Noord-Kaap
Hoërskool Adamantia; Hoërskool Calvinia; Hoërskool Namakwaland

Vrystaat
Hoërskool Heilbron; Hoërskool Hentie Cilliers

Noordwes
Hoërskool Wagpos

Mpumalanga
Hendrina Skool; Hoërskool Lydenburg; Witbank High School

Oos-Kaap
George Randell High

Wes-Kaap
Hoër Meisieskool Sans Souci; Hoërskool Brackenfell; Hoërskool Scottsdene

Skooldeelname sien soos volg daar uit:

Gauteng 1	20
Gauteng 2	5
Gauteng Tshwane-Wes	6
KwaZuluNatal	8
Mpumulanga	7
Noord-Kaap	8
Limpopo	5
Noordwes	11
Oos-Kaap	1
Vrystaat	10
Wes-Kaap	5
Totaal	**86**

Nuwe kategorieë
Die AE poog altyd om die leerders nuwe uitdagings te gee. Hierdie jaar het ons nuwe kategorieë, maar ook opwindende veranderinge in bestaande kategorieë.

Handleidings
Ons wil graag kontroleer of al die skole wat reeds ingeskryf het, hulle handleidings ontvang het – hetsy per e-pos of per pos. Laat weet asb. vir Chrisna by die Ekspo-kantoor indien jy nog nie die nuwe handleidings ontvang het nie.

Webwerf
Gaan kyk gerus na die Afrikaans-Ekspo se webwerf. Indien daar inligting ontbreek wat julle benodig, laat weet ons asseblief. Die webwerfadres is www.afrikaansekspo.org.za

Nuusbriewe
Ons gaan van die standpunt uit dat die nuusbriewe ge-epos word na die skole toe waarnatoe die handleidings ge-epos word. Indien julle dit eerder gefaks wil hê, laat weet asb. vir Chrisna by die kantoor.

Provinsiale koördineerders
Die provinsiale koördineerders vir 2009 sal vir julle ge-epos of gefaks word voor die einde van die termyn. Baie dankie aan elkeen van hulle vir hulle moeite.